

SOUTH AFRICA / JUDGMENT

**Bergh and Another v Van Rensburg
NO and Others (17617/09) [2010]
ZAGPPHC 132 (23 September 2010)
[2010] ZAGPPHC 132**

COURT

North Gauteng High Court, Pretoria

BEFORE

B.R. du Plessis

CASE / FILE NUMBER

17617/09

Source: saflii.org · Research copy typeset by Esheria. Not court-issued or certified.

NOT REPORTABLE

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID AFRIKA

(NOORD GAUTENG, PRETORIA)

Saaknommer: 17617/09

Datum aangehoor: 21/09/2010

Datum van uitspraak: 23/09/2010

In die saak tussen:

Jacobus Wynandt Bergh.....1ste APPLIKANT

Maria Louise Bergh.....2de APPLIKANT

en

Louis Hendrik Janse Van Rensburg N.O

(As Trustee van die Marleen van Rensburg Trust).....1ste RESPONDENT

Maria Elizabeth Catharina Janse Van Rensburg N.O

(As Trustee van die Marleen van Rensburg Trust).....2de RESPONDENT

Jacobus Stephanus Taljaard N.O

(As Trustee van die Marleen van Rensburg Trust).....3de RESPONDENT

Louis Hendrik Janse Van Rensburg.....4de RESPONDENT

Maria Elizabeth Catharina Janse Van Rensburg...../.....	5de RESPONDENT
Jacobus Stephanus Taljaard.....	6de RESPONDENT
Die Meester van die Hooggeregshof.....	7de RESPONDENT
Maria Elizabeth Bergh.....	8de RESPONDENT
Jacobus Wynandt Bergh.....	9de RESPONDENT
Erik Janse Bergh.....	10de RESPONDENT

UITSPRAAK

DU PLESSIS:

In hierdie saak het ek die A-deel van die applikante se aansoek aangehoor en dit van die hand gewys met koste soos tussen prokureur

en klient. Die applikante doen nou aansoek om verlof om teen daardie uitspraak en bevel appel aan te teken.

Die aansoek het ook 'n B-deel. Die B-deel, wat nog hangende is, is daarop gerig om trustees van die Marleen van Rensburg Trust te verwyder en te vervang met ander.

Die applikante se minderjarige kinders is, soos die applikante self, lede van 'n groep waaruit diskresionere begunstigdes van die trust gekies kan word. Vanwee hulle belang by die B-deel van die aansoek, is die kinders as respondente gevoeg. In die eerste bedede van die A-deel van die aansoek vra die applikante dat 'n curator ad litem aangestel word "ten behoeve van die ... (kinders) rakende hul belange in die Marleen van Rensburg Trust" en om 'n verslag aan die hof uit te bring rakende die aansoek en die "voorgenome regshulp". Alhoewel die kinders 'n belang by die aansoek het, meen ek nie dat 'n ander hof sal bevind dat 'n kurator nou hulle belange by die trust moet behartig nie. Ek meen ook nie dat 'n ander hof tot die gevolgtrekking sal kom dat 'n kurator nou, terwyl die saak hangende is, daaroor en oor die aangevraagde

regshulp verslag moet doen nie. Sodanige verslag sal immers die hof se beslissing ten aansien van die B-deel van die aansoek vooruit loop.

Ek moet daarop wys dat die aansoek beredener is en my uitspraak gegee is met die klem daarop dat 'n curator ad litem aangestel moet word om die kinders se belange by die litigasie (die B-deel van die aansoek) te behartig. EK het beslis dat die applikante nie aangetoon het dat daar 'n konflik of potensiele konflik tussen hulle belange en die van hulle kinders is nie, en dat hulle as voogde self die kinders se belange kan behartig. Gedagtig daaraan dat die kinders se belange vooropgestel moet word, mag 'n ander hof oordeel dat, al is geen konflik duidelik nie, die kinders se belange tog verg dat hulle deur 'n kurator verteenwoordig moet word en nie deur hulle ouers nie. Ek meen egter nie dat hierdie hof se weiering om nou 'n kurator aan stel finaal is nie. Na my oordeel kan 'n hof steeds besluit om, soos die litigasie vorder, 'n kurator aan te stel. Bygevolg meen ek nie dat verlof toe appel toegestaan moet word nie omdat die bevel in daardie opsig nie

finaal is nie.

Die A-deel van die aansoek was verder gerig op blootlegging. Alhoewel, soos mnr Ackermann vir die applikante my meegedeel het, die

applikante verplig was om die regshulp in die B-deel by wyse van aansoek, en nie by wyse van aksie nie, aan te vra, meen ek steeds dat die feitegeskille sodanig is dat die aansoek waarskynlik vir verhoor verwys sal moet word. As dit gebeur, kan blootlegging ingevolge die Hofreels bekom word. Ek meen nie dat 'n ander hof tot die gevolgtrekking sal kom dat daar nou reeds blootlegging gelas moes word nie.

Wat die kostebevel betref, meen ek nie dat 'n hof van appel met die diskresie van hierdie hof sal inmeng nie.

Die aansoek om verlof tot appel word van die hand gewys met koste.

B.R. du Plessis

Regter van die Hooggeregshof

Source & reproduction note

Judgment wording, source notices and original paragraph numbers are retained. Esheria supplies the layout and this PDF's page numbers; these are not the source pagination. This is a research copy, not an official or certified court document. Check quotations, citations and publication restrictions against the original source before relying on it.

ORIGINAL SOURCE <https://www.saflii.org/za/cases/ZAGPPHC/2010/132.html>

CASE PAGE <https://chat.esheria.ai/case-law/south-africa/bergh-and-another-v-van-unknown-topic-agpphc-2010>

Prepared on 12 October 2026 · Esheria